Resensies / Reviews

- Vos, C.J.A. 1995. **Die blye tyding. Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief.** Pretoria : RGN.
  (*C.J.H. Venter*) 127
- Cilliers, J. 1994. **God vir ons. 'n Analise en beoordeling van Nederduitse Gereformeerde volksprediking (1960-1980).** Woord teen die Lig, B/2. Kaapstad : Lux Verbi.
  (*C.J.H. Venter*) 128
- Naudé, P. 1994. **Brug na môre. 'n Kruisevangelie vir gewone mense.** Kaapstad : Lux Verbi
  (*C.J.H. Venter*) 129
- Smit, Arnold (*red.*). 1995. **Nuut gedink oor leierskap in gemeentes. Die begeleiding van 'n Christelike geloofs-gemeenskap.** Kaapstad : Lux Verbi.
  (*C.J.H. Venter*) 130
- Burger, C.W., Müller, B.A., Smit, D.J. 1995. **Woord teen die lig. Verdere riglyne vir Paas-, Hemelvaart- en Pinkster-prediking**. Kaapstad : Lux Verbi.
  (*C.J.H. Venter*) 131
- Schuurman, E. 1995. **Perspectives on technology and culture.** Potchefstroom : PU for CHE.
  (*A.L. Rheeder*) 132
- Blei, K. 1996. **Veertig jaar denken over God.** Kampen : Kok.
  (*J.H. van Wyk*) 134

VOS, C.J.A. 1995. Die blye tyding. Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief.
Pretoria : RGN. 631 p. Prys: R94,48.
ISBN 0 7969 1636 5.

Resensent: *C.J.H. Venter*
(Dept. Diakoniologie, PU vir CHO)

Hierdie werk is die derde in die reeks RGN-studies in Praktiese Teologie onder redaksie van J.C. Müller, H.J.C. Pieterse en C.J.A. Vos.

In die eerste hoofstuk word indringend aandag gewy aan 'n hermeneuties-kommunikatiewe preekteorie, waarin veral gekonsentreer word op Homiletiek as kritiese hermeneutiek. Hoofstuk twee bied ruimte om basisteorieë te ontwerp in die preek. Die skrywer neem as besondere studieterrein hiervoor die verbond en die koninkryk van God. Voorts behandel hy kommunikasieteorieë in diens van die evangelie. Hy fokus ook op 'n hoordershermeneutiek binne 'n teks-hermeneutiek. Laastens bied hy praktykteoretiese perspektiewe op preekvorme en op die preek in praktyk.

Dié omvattende boek is geskryf vanuit die perspektief van 'n hoorders-hermeneutiek en moet as sodanig in Suid-Afrika as 'n goeie aanvulling beskou word vir die werk van G.D.J. Dingemans in Nederland: *Als hoorder onder de hoorders.*

Wat in hierdie geskrif besonder opval, is die bronnebeheersing van die skrywer. Hy is 'n gedeë teoloog wat op hoogte is met die jongste literatuur op die vakgebied van die Homiletiek en dit sinvol deurdink en integreer. Voorts is hy iemand met 'n goeie taalaanvoeling en taalgebruik. Waarskynlik juis om hierdie rede betrek, ontleed en integreer hy sommige van die nuwere taalteorieë en hulle toepaslikheid in die preek- en preekmaakproses. Hy fokus byvoorbeeld op die Semiotiek, Taalhandelinge, Resepsie-estetika, Retoriek (w.o. retoriese paradigma en oorreding). Op hierdie vlak moet Vos se werk waarskynlik as een van die eerstes op die Suid-Afrikaanse toneel beskou word wat dié aspekte so omvangryk hanteer in die Homiletiek. In hierdie verband word ook melding gemaak van sy behandeling van die verskillende literatuursoorte en eksegetiese metodes.

Die skrywer het ook breed gewerk in die nadere uitwerking van die verbond en koninkryk van God as basisteorieë vir die preek. Meer (eksegetiese) dieptesnitte hierin sou kon bydra tot groter diepgang in sy werk.

Hierdie werk is 'n verryking van die homiletiese vakliteratuur in Suid-Afrika. Voorts word dit sterk aanbeveel vir predikante om op hoogte te kom (of te bly)

met die nuutste navorsing in Homiletiek, en vir dosente en studente aan teologiese opleidingsinstansies.

CILLIERS, J. 1994. God vir ons. 'n Analise en beoordeling van Nederduitse Gereformeerde volksprediking (1960-1980). Woord teen die Lig, B/2.
Kaapstad: Lux Verbi. 77 p. Prys: R23,25.
ISBN 0 86997 480 7.

Resensent: *C.J.H. Venter*
(Dept. Diakoniologie, PU vir CHO)

In hierdie belangwekkende studie stel Cilliers die preekanalise as 'n nuwe homiletiese element aan die navorsingsgemeenskap bekend. Vir hierdie analise het hy gebruik gemaak van 14 preke wat tussen 1960 en 1980 in *Die Kerkbode* gepubliseer is. Dié jare was enersyds 'n tyd van nostalgie vir baie Afrikaners (die hoogty van apartheid) en andersyds 'n tyd van bedreigd voel juis op grond van die beleid van apartheid. Die behandeling van die preke rangskik Cilliers onder drie temas: die mitologisering van die geskiedenis, die verandering van die evangelie in 'n wet en die versterking van die onskuld.

In die proefskrif waarvan hierdie werk 'n meer populêre samevatting is, het Cilliers gebruik gemaak van die preekanalisemetode wat ontwikkel is deur die Switserse teoloog Rudolf Bohren en die Duitse skrywer Gerhard Debus. Dié metode van preekanalise het in 1986 internasionale erkenning verkry en word sedertdien – met variasie – wêreldwyd deur studente en navorsers toegepas. Wat veral insiggewend in hierdie metode van preekanalise is, is dat in die analise onder andere ook binne die geskrewe preek antwoorde gesoek word op vrae soos: Watter God kom in hierdie preek ter sprake? Hoe handel God hier? Vervolgens moet geantwoord word op die vraag: hoe word die Bybelteks in die preek opgeneem, dit wil sê hoe word die *evangelie* daardeur verwoord. In dié vrae word ook die visie van die prediker op die gemeente vir wie hy preek, betrek en laastens ook die wyse waarop die prediker self in die preek funksioneer.

Cilliers kom tot die konklusie dat die preke in hierdie tydvak wel gepoog het om aktueel grond te vat, maar tog ernstige leemtes getoon het (verheerliking van die geskiedenis van die Afrikanervolk, byvoorbeeld in Geloftedagpreke, verandering van die evangelie in wet en 'n skeeftrekking van die *pro nobis*-dimensie).

Dié werk getuig van gedeë wetenskaplikheid, baie goeie taalvermoë, moed om vreesloos te sê wat die resultate van sy ondersoek is en solidariteit met die kerk waarin hy dien as prediker.

NAUDÉ, P. 1994. Brug na môre. 'n Kruisevangelie vir gewone mense.
Kaapstad : Lux Verbi. 118 p. Prys: R27,80.
ISBN 0 86997 463 7.

Resensent: *C.J.H. Venter*
(Dept. Diakoniologie, PU vir CHO)

'n Goeie preek in die gereformeerde sin van die woord hou onder andere in dat die teks uit die Woord van God en die situasie van die hoorders mekaar in 'n hermeneutiese wisselwerking ontmoet. Dit is ook presies wat tot 'n groot mate plaasvind in hierdie kort preekbundel wat geskryf en gepreek is na die gebeure van 27 April 1994 in Suid-Afrika. Die invalsboek is die kruis van Jesus Christus wat 'n kruisevangelie op hierdie aarde tot stand gebring het. In die tema-aankondiging van elke preek word die kruisgebeure dan ook treffend geformuleer (byvoorbeeld die weerstand teen die kruis, die broodevangelie van die kruis, die doodsevangelie van die kruis).

Wat eksegetiese aspekte betref, is die opvallende dat die skrywer by die gekose Skrifgedeelte bly en nie op 'n nie-tersaaklike wyse oral in die Bybel rondloop nie. Verrassende eksegetiese flitse kom op plekke na vore. Ek meen egter dat die eksegese hier en daar meer diepgaande kon wees.

Die grootste enkele bate van hierdie werk lê in die vreeslose deurtrek van die lyne uit die betrokke Skrifgedeeltes na die situasie in ons land vandag. Dit word egter nooit beterweterig en uit die hoogte gedoen nie. Naudé preek as iemand wat self eers verwond is deur (en verwonderd is oor!) die kruisevangelie en brand om dit mee te deel aan die gemeente. Hy praat die taal van ons tyd, maar is dalk hier en daar te akkommoderend in sy (Engelse) taalgebruik in die preke (hier word gedink aan frases soos byvoorbeeld: *no ways, way out*, ens.) In die geheel gesien, formuleer hy egter raak in sy op die man af styl van skryf en preek.

Wie wil weet hoe die kruisevangelie werk om seer te maak en te troos in ons tyd moet hierdie boek lees.

SMIT, Arnold (red.). 1995. Nuut gedink oor leierskap in gemeentes. Die begeleiding van 'n Christelike geloofsgemeenskap.

Kaapstad : Lux Verbi. 134 p. Prys: R52,50.
ISBN 0 86997 375 4.

Resensent: *C.J.H. Venter*
(Dept. Diakoniologie, PU vir CHO)

Op die gebied van gemeentebou is daar die afgelope jare geen gebrek aan literatuur nie, ook nie op die Suid-Afrikaanse vakgebied nie. So is dit ook met hierdie werk in die *Gemeente en bediening*-reeks. Tog is hierdie werk iets anders, dalk iets meer opwindend omdat nie net geteoretiseer word nie, maar veral gedink en geskryf word vanuit die praktyk van die opbou van die gemeente. As inleiding behandel die redakteur die tema: "Nuut gedink oor leierskap in gemeentes". Dié tema word gevolg deur Coenie Burger se bydrae: "By God en by mense". Hoofstuk 3 bevat 'n besinning oor: "Visionering: begeleiding vanuit die opstanding" (F. Marais) en hoofstuk 4: "Fasilitering: in pas met die visie". David Botha behandel: "Energering: Entoesiastiese medewerkers". In twee bylaes word ingegaan op 'n profiel van leierskap in Ned. Geref. gemeentes (Michiel van der Merwe) en word wenke gebied vir die benutting van dié boek in gemeentes.

Besondere aksente wat in hierdie werk gelê word, is dié van die toerusting van gelowiges, die herontwerp van die rol van predikant, die funksionering van die kerkverband in die opbou van die kerk en die taak van teologiebeoefening. In hierdie opsig word gepleit dat meer aksent geplaas moet word op die "wees" in leierskap as op die doen (= koorsagtige gejaag om te organiseer). Hierdie "wees" kom na vore in teenwoordig wees in liefde en entoesiasme vir die saak van opbou. Aangrypend is die uiteensetting dat opbou ten beste geskied in 'n styl van gebrokenheid gegrond op die basis van gesonde spiritualiteit.

Die gedeeltes wat handel oor die stel van 'n visie vir die gemeente en die begeleiding op dié pad, die werk met doelwitte, inspirasie en evaluering, bied grondige riglyne vir praktiese werk.

Die skrywers is heel nugter oor baie sake waarmee vandag weggehardloop word. 'n Voorbeeld van hierdie nugterheid is dat 'n visie vir 'n gemeente nie sommer vinnig in 'n naweek afgehandel word nie. 'n Visie word in die kerk nie gemaak nie, maar gekry, deur gebed voor God. 'n Visie behoort meermale uit die groeiagterstande in 'n gemeente gebore te word. Hoop kom dikwels uit die ashoop!

Riglyne uit die Skrif as motivering vir standpunte word meermale gebied. Meer diepgang hierin (en nie net kursoriese behandeling nie) sou die waarde van hierdie werk verhoog het.

Hierdie boek vertoon 'n rypheid en praktykgerigtheid wat die deurwerk daarvan aangenaam maak.

BURGER, C.W., MÜLLER, B.A., SMIT, D.J. 1995. Woord teen die lig. Verdere riglyne vir Paas-, Hemelvaart- en Pinksterprediking.
Kaapstad : Lux Verbi. 145 p. Prys: R54,50.
ISBN 0 86997 344.

Resensent: *C.J.H. Venter*
(Dept. Diakoniologie, PU vir CHO)

Hierdie werk is 'n verdere uitbreiding in die bekende en gewaardeerde reeks *Woord teen die lig*. Hierdie boek is egter reeds die tweede uitgawe met riglyne vir Paas-, Hemelvaart- en Pinksterprediking. Dié uitgawe het nodig geword nie net omdat die eerste publikasie (1983) uitverkoop is nie, maar juis ook om heeltemal nuwe stof aan gebruikers van hierdie reeks te verskaf.

Soos met alle vorige uitgawes in die reeks *Woord teen die lig*, word 'n bepaalde behandelingsmetode konsekwent gevolg. Die volgorde is: bibliografie, eksegetiese detail, hermeneutiese gegewens en homiletiese riglyne. Dit moet goed verstaan word dat dit wat hier gebied word, nie klaargemaakte preke is nie: dit is riglyne vir prediking op bepaalde tye in die kerklike jaar of vir bepaalde temas in ons kerklike of godsdienstige lewe. So moet hierdie werk dan ook gebruik word.

In hierdie uitgawe is vir elke teksgedeelte 'n magdom gegewens byeengebring, beoordeel en gerangskik. Die groot voorwaarde is dat hierdie stof op self-standige wyse verwerk moet word, en deur die prediker se nadenke heen moet gaan om sinvol gebruik te word.

As betroubare en deeglike riglyne vir prediking tydens Paas-, Hemelvaart- en Pinkstertyd beveel ek die boek graag aan.

SCHUURMAN, E. 1995. Perspectives on technology and culture.

Potchefstroom : PUCHE. 164 p. Prys: R40.
ISBN 1 86822 6.

Resensent: *A.L. Rheeder*
(Geref. Kerk Pietersburg)

Schuurman bespreek in hierdie publikasie 'n baie relevante tema, naamlik die tema van *tegnologie*. Tegnologie word deur Schuurman soos volg gedefinieer: "... we take technology to be the human formation of nature with help of tools for human purposes" (vgl. p. 5).

Die boek bestaan uit 5 hoofstukke wat die volgende aspekte dek: die geskiedenis van tegnologie en wat tegnologie is (Hoofstuk 1), die aard van tegnologiese wetenskappe (Hoofstuk 2), tegnisisme (Hoofstuk 3), tegnologiese probleme, naamlik informasietegnologie en genetiese manipulasie (Hoofstuk 4) en tegnologie vanuit die Bybel belig (Hoofstuk 5).

Die hoofgedagte wat die skrywer wil tuisbring, trek saam in dit wat hy onderskeidelik in hoofstukke 3 (§21) en 5 (§33) bespreek, naamlik "the hidden ideology of technology" (p. 138). Volgens Schuurman bestaan die groot probleem rondom tegnologie dat dit byna kritiekloos aanvaar word. Agter tegnologie bestaan daar vandag 'n oorwegend geestelike krag, naamlik *tegnisisme* ("hidden ideology of technology"). Tegnisisme is volgens Schuurman die menslike pretensie dat hy homself beskou as in staat om outonoom die hele werklikheid na sy eie wil te omvorm deur wetenskaplik-tegnologiese beheer. En waar die mens dit doen, kan enige probleem wat opduik, opgelos word en sodoende materiële vooruitgang waarborg (p. 74).

Tegnisisme is die religieuse oortuiging dat alles tegnies oorwinbaar is. Die mens as meester wil die toekoms beheers; daar word uitgegaan van die standpunt dat wat die mens deur die tegnologie wil bereik, hy sal kry en dat alle probleme opgelos kan word; daarom dat daar gepraat kan word van "faith in technology" of "faith in progress". Hierdie religieuse en ideologiese oortuiging is die dryfveer agter die groei van die wetenskap en tegniek. Die tegnisistiese mentaliteit is die religieuse dryfveer in die hedendaagse tegnologie wat deur die welvaartpolitiek gestimuleer word. In die lig van hierdie religieus-ideologiese oortuiging word die hele werklikheid gesien as "stuff" wat net wag vir vormgewing en die kreatiewe mag van die mens. Onderliggend aan die tegnisisme bestaan die ou humanistiese grondmotief (dryfveer), naamlik die gedagte van die kreatiewe vryheid van die mens.

Schuurman beweer dat tegnisisme die dominante eienskap van die moderne kultuur is. Tegnisisme wat in sy wese niks anders as 'n utopiese uitkyk op die lewe is nie, was al aanwesig in die filosofiese denke van Francis Bacon (17de eeu) wat gedink het dat die gevolge van die sondeval deur die tegnologie opgelos kan word. Die ideologie van tegnisisme het natuurlik sy invloed laat geld en word beskou as die geestelike agtergrond – nie net van kulturele probleme (soos kernkrag, omgewingsprobleme ensovoorts) nie – maar ook van etiese probleme soos aborsie, eutanasie en voortplantingstegnologie. Selfs die teologie word vandag deur die ideologie van tegnisisme beïnvloed – dit lei Schuurman af wanneer teoloë oor God as "a human fabrication or construct" praat (p. 138-140).

Saam met tegnisisme gaan 'n bepaalde *etiese* oortuiging, naamlik dié van *utilitarisme*. Utilitarisme beskou die doelwitte van die tegnologie wat bruikbaar (nuttig) is vir soveel mense as moontlik as goed. Utilitarisme fokus net op materiële welvaart, 'n lang lewe en geluk. Alhoewel hierdie sake op sigself nie verkeerd is nie, word dit binne die gees van tegnisisme saam met sy bedmaat utilisme verabsoluteer en hierdie verabsoluteerde doelwitte word dan beslissend in die tegnologiese aktiwiteit. Die manier en wyse waarop doelwitte deur wetenskaplik-tegnologiese beheer bereik word, maak nie werklik saak nie of kry nie genoeg aandag nie. Binne die etiek van tegnisisme heilig die doel die middele. Hierdie eensydige etiese houding van utilisme loop uit op 'n eensydige tegnologie wat skadelik vir die mens, natuur, omgewing en gemeenskap is. Deur wetenskaplik-tegnologiese beheer word die natuur gereduseer tot dit wat die mens daarmee kan maak.

Tegnisisme as ideologie met sy gepaardgaande etiese houding kulmineer in die *imperatief* van "what can be made, ought to be made" (p. 147).

Oor die inhoudelike sou ek my kritiek tot een punt beperk: dit sou meer bevredigend gewees het as die filosofie van Dooyweerd hier en daar meer verhelderend aangebied is (byvoorbeeld. §24 en §29-37).

Ek sal hierdie boek van harte aanbeveel vir almal wat vanuit 'n Christelik-filosofiese oogpunt soek na 'n beoordeling van die tegnologie.

BLEI, K. 1994. Veertig jaar denken over God.
Kampen : Kok. 114 p. Prys: R76,50.
ISBN 90-242-6643-2.

Resensent: *J.H. van Wyk*
(Dept. Dogmatologie en Ekklesiologie)

In hierdie publikasie van Blei bied hy 'n helder oorsig van die belangrikste denke oor God sedert ongeveer 1950. Telkens kies hy 'n hoofgedagte waaronder hy dan die teoloog se Godsleer tuisbring. Hy behandel agtereenvolgens die volgende aspekte:

* *God is anders* (K. Barth),
* *God is dood* (John Robinson, Harvey Cox, Paul van Buren, Dorothee Sölle),
* *God horisontaal* (D. Sölle, R. Shaull, G. Gutierrez, J. Cone, A. Boesak),
* *God kom nog* (J. Moltmann, J.M. de Jong, O. Noordmans),
* *God in die voortgaande geskiedenis* (H. Berkhof),
* *God ervaar* (E. Schillebeeckz, H.M. Kuitert, Feminisme).

Telkens word ook gewys op reaksies wat op hierdie teologieë gevolg het en kritiek wat dit opgeroep het.

In die inleidende hoofstuk definieer Blei teologie as die wetenskap wat oor God handel as 'n vorm van God liefhê met die verstand (soos Berkhof). In die slothoofstuk oordeel hy dat elke nuwe situasie 'n nuwe kyk op God meebring en dat, hoewel die tydsgees hierin 'n woord meespreek, die Bybel tog uiteindelik die hoogste kriterium is. Dit is duidelik dat Blei van oordeel is dat ons van al hierdie teoloë iets kan leer.

Die waarde van die boek is nie geleë in die antwoorde wat dit bied nie maar in die teologiese oorsigte wat dit verskaf. As sodanig is dit vir die predikant, vir wie dit aan tyd ontbreek om wyd te lees, 'n baie handige naslaanwerk. Uiteraard vra so 'n boek op byna elke bladsy om kritiese evaluering.